Government of **Western Australia**
**School Curriculum and Standards Authority**

**WACE taalaansoekproses – Inligting vir ouers/voogde**

Alle studente wat vir 'n WACE Taalkursus wil inskryf moet 'n *Aansoek vir toestemming om in te skryf in 'n WACE Taalkursus Taalaansoek* indien by die Skool Kurrikulum en Standaarde Owerheid (die Owerheid) via die studente webblad (https://studentportal.scsa.wa.edu.au)

Die *Taalaansoek* word voltooi deur studente terwyl hulle in Jaar 10* is.

Om die *Taalaansoek te voltooi,* moet die student 'n rekenaar by die huis of by die skool gebruik. Indien jy enige vrae het, vra die Taalonderwyser of skooladministrasie om jou te help.

**Inligting benodig**

Die student moet die volgende details voorsien:

- skole wat hulle bygewoon het vir elke jaar sedert Pre-primêr
- skoolrapport/e vir jare wat hulle skool/skole bygewoon het buitekant Australië
- lande waar hulle vantevore gewoon het
- lande wat hulle voorheen besoek het/na gereis het/vakansie gehou het, insluitend die rede/s daarvoor en duur van tyd in die land/e. Dit sluit slegs lande in waar die taal wat gepraat word dieselfde is as die een waarvoor hulle aansoek doen
- die eerste taal/tale wat hulle geleer praat het
- ander taal/tale wat hulle praat, lees en skryf
- die taal/tale wat hulle praat met hulle ouer/s of voog/de en met hulle broers en susters en vriende
- die taal/tale wat hulle ouer/s of voog/de praat.

**Ondersteunende dokumente**

Die student moet 'n foto of skandering van die volgende dokumente verskaf om in hul aansoek op te laai:

- voltooide Ouer/Voog Erkenningsvorm (verpligtend)
- paspoort-identifikasiebladsy, indien hulle gebore is in 'n ander land of indien hulle buitekant Australië gewoon het
- oorsese skoolrapport/e, indien hulle skool/skole buitekant Australië bygewoon het
- internasionale bewegingsrekord/s, indien hulle gewoon of gereeld gereis het na lande of plekke waar die taal wat hulle praat dieselfde is as die een waarvoor hulle aansoek doen (indien versoek deur die Owerheid).

Verdere inligting oor die taalaansoekproses kan gevind word op die WACE Taalaansoek webblad (https://www.scsa.wa.edu.au/sirs-and-srms-info/srms-information/wace-language-applications)

*Hierdie is ook van toepassing op begaafde en talentvolle/gevorderde taalstudente in Jaar 9 wat aansoek doen om 'n Jaar 11 Taalkursus te doen wanneer hulle nog in Jaar 10 is.